Belangrike Covid-19 kennisgewing (14)

Die nuutste maatreëls (30 September 2021 – Vlak 1) ten opsigte van die Covid-19 pandemie bring die volgende mee vir ons gemeente se funksionering:

- Eredienste op Sondae met ‘n maksimum van 500 persone (gebou se kapasiteit) kan plaasvind.
  - Oggenddiens 09:00 **(Geen bespreking is nodig nie)**
  - Aanddiens 18:00 **(Geen bespreking is nodig nie)**

- Koffie en tee word bedien voor en na die eredienste.

- Beide eredienste op ‘n Sondag word om 09:00 en 18:00 via ons gemeente se YouTube kanaal direk uitgesaai (*stream*) en ook opgeneem.

- Begrafnisdienste gaan voort met ’n maksimum van 100 persone wat ‘n diens kan bywoon. Tee en verversings word steeds nie na die diens in die kerkgebou toegelaat nie.

- Die Jeugbediening sal vroeg in die komende week die riglyne vir die jeug se funksionering vir die nuwe kwartaal kommunikeer.

- Die kerkkantoor funksioneer volgens normale ure (08h00 – 16h00), maar sluit in die middag 15 minute vroeër om die sanitering van die kantoor moontlik te maak. Die nodige Covid protokol is in plek.

Baie belangrik:

- Die dra van maskers bly te alle tye verpligtend.
- Sanitering sal plaasvind by die deure (geen koorsmeting en kontrolelyste nie)
- Handhaaf van sosiale afstand van 1,5m.
- Indien jy siek voel of in kontak was met iemand wat Covid-positief is, word jy versoek om eerder tuis te bly.

Hou gerus die gemeente se sosiale media platforms dop vir deurlopende kommunikasie.